PE HOOGLAND

Geloof deur liefde tot dade

5 Februarie 2023 | 041 367 1485 | info@pehoogland.co.za | www.pehoogland.co.za

Besoekers & nuwe lidmate

Indien jy vanoggend 'n **besoeker** is hier by Hoogland vertrou ons dat vanoggend se diens vir u 'n belewenis en 'n Goddelike ontmoeting sal wees. Indien u 'n **nuwe intrekker of -lidmaat** in die gemeente is:

Baie welkom - Mag Hoogland u geestelike tuiste word.

Neem asseblief die vrymoedigheid en kom ontmoet 'n leraar na die diens voor by die preekstoel. Neem in die brosjurevakkies 'n ***"Nuwe Lidmate"*** koevert of stuur 'n e-pos na annalize@pehoogland.co.za.

Gaan gerus ook na Hoogland se webblad by www.pehoogland.co.za onder *EK WIL…* en dan '*N LIDMAAT WORD* en voltooi die Inligtingsvorm aanlyn.

Baie Welkom : Program van die dag

09:00 Oggenddiens met **Lofkabouters** : Ds Pieter

Vanoggend het Hooogland die voorreg om vir **Juliette**, dogtertjie van Riekert & Faye du Preez en **Jacques** seuntjie van Juan & Carla Kampman te doop.
Faye du Preez lê ook haar Belydenis van Geloof af saam met die doop.

10:00 Geloofsvormingsgroepe in hulle onderskeie lokale

Deurkollekte: Bybelverspreiding

Program vir die Week :

Woensdag: 8 Februarie
08:45 B'fontein Bybelstudie
10:00 Gemeente Bybelstudie

Vrydag: 10 Februarie
05:30 Mannebediening

Saterdag: 11 Februarie
10:00 Dorings & Daisies

Volgende **Sondag, 12 Februarie** is daar geleentheid om **Nagmaal** as Geloofsfamilie saam te gebruik.

Int. Kinderkankerdag

Elke jaar word meer as 400 000 kinders en adolessente onder 20 jarige ouderdom met kanker gediagnoseer. Die oorlewingkoers hang af van die streek, met 80% oorlewing in die meeste hoë-inkomstelande, maar so laag as net 20% in lae- en middelinkomstelande.

Hout

Hier is nog droë doringhout @ R35/ sak. Ondersteun asseblief Pearston gemeente.

Kontak vir Annalize / Leon in die kerkkantoor as jy hout wil koop en tref met hulle reëlings vir die afhaal van die hout.

Bring asseblief enige leë, skoon twee - of vyf liter roomyshouers na die kerkkantoor.

Hoogland Bedieninge

Gesels gerus met Leandra Bonthuys in die kerkkantoor as u navrae het oor enige van Hoogland se bedieninge.

Bybelstudies - alle lidmate is BAIE welkom om eerskomende Woensdagoggend, 8 Februarie om 10:00 by die gemeente Bybelstudie in die saal te kom aansluit. Die leraars sien uit om saam met u in / deur Sy Woord te werk en wandel hierdie jaar.

Senior lidmate - ALLE senior lidmate word uitgenooi na die "*afskop*" geleentheid van hierdie jaar se Dorings & Daisies! Kom kuier saam Saterdagoggend, 11 Februarie om 10:00 in die saal. ♡ Die Tema is LIEFDE, so trek ietsie rooi aan. ♡

Hospitaalbesoeke - Laat weet gerus die kerkkantoor of vir Tommie Vermeulen (083 290 0528) indien u of 'n naasbestaande in 'n hospitaal opgeneem sou word. Die hospitaalspan wil graag kontak maak met u.

Hoogland Manne - kom kuier gerus Vrydagoggende vanaf 5:15 saam om 'n lekker beker koffie en daarna uit God se Woord. Enige man is baie welkom!

Hoogland gemeentekamp

Die Hoogland-familie gaan weer kamp!

17 - 19 Maart 2023 te Innikloof (14 km buite Hankey)

Kostes beloop R150 / volwassene per nag & R70 / kind per nag

Bespreek by Leandra in die Kerkkantoor :

- Stuur 'n epos na - leandra@pehoogland.co.za
- Skakel Leandra in die kantoor - 041 367 1485
- Stuur 'n *Whatsapp* - 079 815 9325

Bewys van betaling kan gestuur word na leandra@pehoogland.co.za met verwysing KAMP+ jou naam

Hoogland *Whatsapp* groep

Indien u nog nie weekliks die Hallo.Hoogland of enige ander kommunikasie tesame met al die skakels vir die eredienste per *Whatsapp* ontvang nie, volg asseblief die volgende stappe.

- Stoor 079 815 9325 as Hoogland se *Whatsapp* nommer
- *Whatsapp* asseblief u naam, van en selfoonnommer na hiérdié nommer

Uit die Hart

Het jy al ooit gedink oor wat jou gelukkig maak? Of hoekom die dinge wat jou op 'n tyd gelukkig gemaak het, dit nie meer doen nie? Dalk selfs al bietjie dieper gewonder hoekom die dinge wat ander mense gelukkig maak, nie dieselfde goed is wat jou gelukkig maak nie. Miskien sou ons kon vra: hoe meet ek geluk? Wat is die maatstaf waaraan dit gemeet word? Of is dit net 'n gevoel?

In 1967 word 'n poging aangewend om 'n gelukkige persoon objektief te beskryf. 'n Gelukkig persoon word besryf as 'n "young, healthy, well-educated, well-paid, extroverted, optimistic, worry-free, religious, married person with high self-esteem, job morale, modest aspirations, of either sex and of a wide range of intelligence" (Wilson, 1967).

Ek weet nie van jou nie, maar dit is bietjie 'n *tall order* om gelukkig te wees. Meer nog: hierdie geluk sal definitief nie vir altyd hou nie.

Jesus het bietjie wysheid en raad oor geluk. Maar wees gewaarsku: Jesus se wysheid op geluk, of dalk eerder geseënd wees, mag miskien nie baie sin maak nie. Wat Jesus te sê het, werk verkeerd om volgens ons menslike gedagtes. God se wysheid word selfs in die Bybel beskryf as onsin vir die wêreld. Baie mense het dit al afgeskryf en selfs gedink dis sommer net "geestelike" dinge wat nooit in die regte lewe geleef kan word nie... totdat Jesus se wysheid gevolg word.

"Gelukkig is dié armes van gees, dié wat treur, dié sagmoediges, dié wat honger en dors na geregtigheid, dié barmhartiges, dié wat suiwer van hart is, dié vredemakers en dié wat vervolg word ter wille van geregtigheid."

Hierdie wysheid van Jesus laat ons nie onttrek aan die realiteit wat ons elke dag beleef nie, maar gee juis vir ons rigting oor hoe om elke dag se lewe en keuses en optrede te navigeer.

Ds Pieter